Om kontanttransaksies van dienste en handelsondernemings te boekstaaf*

Siyavula Uploaders

This work is produced by OpenStax-CNX and licensed under the
Creative Commons Attribution License 3.0†

1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

2 Graad 9

3 BESTUURS-, VERBRUIKERS- EN FINANSIËLE KENNIS EN VAARDIGHEDE

Module 17
OM KONTANTTRANSAKSIES VAN DIENSTE EN HANDELSONDERNEMINGS TE BOEKSTAAF
Kontant- en Krediettransaksies en Proefbalans

- Hierdie leereenheid bestaan uit drie afdelings, naamlik:

- Hulpjoernale (Aktiwiteite 3.1 tot 3.4)
- Grootboekrekeninge (Aktiwiteite 3.5 tot 3.6)
- Proefbalanse (Aktiwiteit 3.7)

Afdeling 1: Hulpjoernale
AKTIWITEIT 1:
Om kontanttransaksies van dienste- en handelsondernemings te boekstaaf
[LU 3.3]
Die volgende kontanttransaksies vind gereeld in diens- en handelsondernemings plaas:
KOJ

- Kapitaalbydrae, kapitaalvermeerdering of kapitaalvermindering deur die eienaar
- Ontvangs van kontant vir dienste gelewer
- Verkoop van handelsware vir kontant

KBJ

- Aankoop van handelsware en ander items vir kontant

*Version 1.1: Aug 31, 2009 5:36 am -0500
†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

- Betaling van bedryfsuitgawes

Hierdie transaksies, waar kontant ontvang of betaal word, word in die KOJ en KBJ aangeteken.

OPDRAG 1:

- **Voltooi 'n KOJ en KBJ vir die diensonderneming, Mzondi Loodgieters.** Gebruik KOJ 3.1.1 en KBJ 3.1.1 op die hieropvolgende bladsye.

- Diensondernemings is ondernemings wat inkomste verkry deur die lewering van dienste en hul inkomste word in die KOJ aangeteken in 'n kolom met die opskrif: Lopende Inkomste.

- Z. Mzondi begin 'n onderneming met die naam Mzondi Loodgieters. Die volgende transaksies het gedurende September plaasgevind. Teken dit in die KOJ en KBJ aan en sluit die joernale af op 30 September 2003.

September 1 Z. Mzondi begin die besigheid deur sy kapitaalbydrae van R50 000 in die lopende bankrekening in te betaal

September 3 Huur 'n gebou van Denvon Eiendomme en betaal die huur per tjek 001, R525
September 6 Koop diensmateriaal per tjek 002 van Puma Winkels, R1 009
September 8 Reik tjek 003 uit vir R4 500 aan Lundi Winkels vir toerusting aangekoop
September 11 Ontvang skryfbehoeftes van Bundu Handelaars en betaal met tjek 004 vir R487
September 12 Kontant ontvang vir dienste gelewer volgens kasregisterrol, R2 073
September 14 Betaal die munisipaliteit R390 met tjek 005 vir water en elektrisiteit
September 15 Wissel tjek 006 om lone te betaal, R190
September 21 Kontant ontvang vir dienste gelewer volgens kasregisterrol, R1 795
September 25 Betaal Telkom R106 met tjek 007 vir telefoon
September 27 Tjek 008 vir R477 word uitgereik aan Mpula Versekeraars vir versekering
September 29 Lone word betaal met tjek 009 vir R210
September 30 Koop 'n voertuig van Mdantsane Motors en betaal per tjek 010 vir R28 000
Kasregisterrol toon ontvangstes van R2 418 vir dienste gelewer

OPDRAG 2:

- Voltooi 'n KOJ en KBJ van die handelsonderneming, Levubu Handelaars

- By handelsondernemings word voorraad gekoop en verkoop om 'n wins te maak. Goedere word teen 'n sekere prys aangekoop (kosprys) en teen 'n hoër prys verkoop (verkoopprys) om 'n wins te maak.
- Beide die kosprys en die verkoopprys moet in die KOJ aangeteken word ten einde winsberekening aan die einde van die periode moontlik te maak. Daar moet dus in die KOJ kolomme voorsien word vir verkope en kosprys van verkope in plaas van lopende inkomste soos by 'n diensonderneming.

- Gebruik die gegewe inligting en toon die inskrywings in die kontantontvangste en die kontantbetalingsjoernaal van Levubu Handelaars. (KOJ 3.1.2 en KBJ 3.1.2 op die hieropvolgende bladsye).

- Op 1 Julie 2003 het G. Levu die onderneming begin met 'n kapitaalbydrae van R130 000 wat in die lopende bankrekening gedeponeer is.
- Volgens die tjekteenblaaie is die volgende tjeks gedurende Julie uitgereik.

Datum 2003	Tjekno.	Aan wie betaal	Waarvoor	Bedrag
Julie 2	001	Levubu Bouers	Huur	R 1 400
Julie 6	002	Wilger Voorsieners	Toerusting	R 6 000
Julie 8	003	Munisipaliteit	Handelslisensie	R 150
Julie 12	004	A Z Handelaars	Handelsware	R 7 800
Julie 15	005	Levubu Motors	Afleweringsvoertuig	R23 300
Julie 18	006	Telkom	Telefoon	R 125
Julie 20	007	Noordelike Voorsieners	Handelsware	R 6 700
Julie 24	008	Waldo Handelaars	Skryfbehoeftes	R 220
Julie 26	009	A Jansen	Salaris	R 2 650
Julie 28	010	Levubu Motors	Brandstof	R 78
Julie 30	011	Munisipaliteit	Water en Elektrisiteit	R 56
Julie 31	012	Kontant	Lone	R 1 330

Table 1

- Kontantverkope van handelsware

Julie 17 R1 600 (kosprys R1 280)
Julie 24 R3 900 (kosprys R3 120)
Julie 31 R5 400 (kosprys R4 320)

- In die geval van verkope by 'n handelsonderneming is dit soms nodig om die kosprys te bepaal. Elke onderneming werk op 'n vasgestelde winspersentasie. Dit bepaal dat die spesifieke persentasie wins by die kosprys bygereken word om die verkoopprys te bepaal. Kosprys van verkope word as 'n uitgawe beskou en verminder dus die eienaarsbelang. Indien die verkoopprys, asook die % winsopslag op die kosprys, bekend is, word die volgende formule gebruik om die kosprys te bereken, naamlik: vp = kp + wins

(a) Indien die artikel teen R750 verkoop word en 'n winspersentasie van 25% word gehandhaaf, sal die kosprys soos volg bereken word.
vp = kp + wins
750 = kp + 25% × kp
kp + $\frac{25}{100}$kp = 750
1,25kp = 750
kp = 600
(b) Teen 'n winspersentasie van 331/3% met 'n verkoopprys van R400 sal die kosprys soos volg bereken word:
vp = kp + wins
kp + 33,3% kp = 400
1,333 kp = 400
kp = 300
OPDRAG 3:

- Voltooi die KOJ met berekening van kosprys vir Lubbe Handelaars met die volgende inligting. (Gebruik KOJ 3.1.3 op die volgende bladsy):

- Handelsware word verkoop teen kosprys plus 331/3%. Sluit die joernale af deur kolomtotale te bereken.

- Transaksies vir Mei 2003

1 Die eienaar, H. Lubbe, deponeer R80 000 as sy kapitaalbydrae in die lopende bankrekening
13 Kontantverkope van handelsware R 760
24 Kontantverkope van handelsware R 960
28 Kontantverkope van handelsware R1 240
ONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN MZONDI LOODGIETERS – SEPTEMBER 2003 KOJ 3.1.1

Dok.	Dag	Besonderhede	Fol.	Ontleding		Bank		Lopende inkomste						Diverse rekeninge			
														Bedrag	Fol.	Besonderhede	

Table 2

KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN MZONDI LOODGIETERS – SEPTEMBER 2003 KBJ 3.1.1

Dok.	Dag	Naam van begunstigde	Fol.	Bank		Materiaalkoste		Skryfbehoeftes		Toerusting		Lone		Diverse rekeninge			
														Bedrag	Fol.	Besonderhede	
continued on next page																	

Table 3

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN LEVUBU HANDELAARS - JULIE 2003 KOJ 3.1.2

Dok.	Dag	Besonderhede	Fol.	Ontleding		Bank		Verkope		Koste van verkope				Diverse rekeninge			
														Bedrag	Fol.	Besonderhede	

Table 4

KONTANTBETALINGSTEJOERNAAL VAN LEVUBU HANDELAARS - JULIE 2003 KBJ 3.1.2

Dok.	Dag	Naam van-begun-stigde	Fol.	Bank		Handels-voorraad		Skryfbe-hoeftes						Diverse rekeninge			
														Bedrag	Fol.	Besonderhede	

continued on next page

Table 5

OPDRAG 4:

- **Voltooi die KOJ en KBJ van die gekombineerde handels- en diensonderneming, Donovan Motors.** (Gebruik KOJ 3.1.4 en KBJ 3.1.3):

- Mnr. D. Daniëls het op 1 Desember 2003 'n onderneming begin met die naam Donovan Motors. Hy dryf handel in brandstof, olie en bande. Hy verskaf dienste in die vorm van herstelwerk en paneelklopwerk van voertuie.

- Die onderneming handhaaf 'n winsgrens van 25% op die kosprys.

- Kontanttransaksies wat in Desember 2003 plaasgevind het.

1 D. Daniëls deponeer sy kapitaalbydrae van R80 000 in 'n lopende bankrekening wat in die onderneming se naam geopen is
Trek 'n tjek vir R300 om die handelslisensie te betaal
Betaal R540 per tjek aan Enlen as huur vir die geboue
Betaal die versekeringspremie van R175 per tjek aan Petru Versekeringsmakelaars
2 Koop materiaal vir R5 625 en handelsware ter waarde van R7 350 van Nissau motorverkope en betaal per tjek 025
Trek 'n tjek vir wisselgeld, R350
3 Koop toerusting van Motoquip Mpy. vir R10 500 en betaal per tjek 026
Koop skryfbehoeftes van Scribble Bpk. vir R352 en betaal per tjek
7 Trek 'n tjek vir die week se lone, R1 280
8 Verkoop goedere vir kontant, R3 000
13 Koop verdere toerusting van Motoquip Mpy. vir R1 125 en betaal per tjek
14 Koop 'n afleweringsvoertuig van Mobiele Motors vir R30 445 en betaal per tjek
Trek 'n tjek om die lone te betaal, R1 745
16 Ontvang verdere skryfbehoeftes van Scribble Bpk. en betaal per tjek R85
17 Kontant ontvang vir dienste gelewer, R5 262
Goedere kontant verkoop, R6 500
20 Koop materiaal van Alfa Motorvoorsieners en betaal per tjek, R1 721
Handelsware van Nissau Motorverkope gekoop en per tjek betaal, R585
21 Trek 'n tjek vir die week se lone, R1 250
22 D. Daniëls (eienaar) trek 'n tjek vir eie gebruik, R250

23 Dienste gelewer in kontant ontvang, R3 558
Goedere kontant verkoop R3 855
24 Koop materiaal vir R1 500 en handelsware vir R3 500 van Tika Voorsieningsmaatskappy en betaal per tjek
28 Trek 'n tjek vir die week se lone, R2 335
30 Trek 'n tjek ten gunste van die bestuurder, H. Hedwig, vir sy salaris R2 950
Trek 'n tjek ten gunste van Telkom vir die eienaar se persoonlike telefoonrekening, R335
KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN LUBBE HANDELAARS - MEI 2003 KOJ 3.1.3

Dok.	Dag	Besonderhede	Fol.	Ontleding		Bank		Verkope		Koste van verkope				Diverse rekeninge			
														Bedrag	Fol.	Besonderhede	

Table 6

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN DONOVAN MOTORS - DESEMBER 2003 KOJ 3.1.4

Dok.	Dag	Besonderhede	Fol.	Ontleding		Bank		Lopende inkomste		Verkope		Koste van verkope		Diverse rekeninge			
														Bedrag	Fol.	Besonderhede	

Table 7

KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN DONOVAN MOTORS - DESEMBER 2003 KBJ 3.1.3

Dok.	Dag	Naam van begunstigde	Fol.	Bank	Handelsvoorraad	Skryfbehoeftes	Materiaalkoste	Lone	Diverse rekeninge		
									Bedrag	Fol.	Besonderhede

continued on next page

Table 8

4 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 3
Bestuurs-, Verbruiker- en Finansiële Kennis en VaardighedeDie leerder is in staat om kennis en die vermoë te toon om verskeie bestuurs-, verbruikers- en finansiële vaardighede toe te pas.
Assesseringstandaarde(ASe)
Ons weet dit as die leerder:
3.1 ‘n basiese inkomstestaat en balansstaat vir ‘n diensverskaffings- en kleinhandelbesigheid opstel;
3.2 verskillende sakeondernemings se strategieë en optrede ondersoek ten opsigte van openbare betrekkinge, sosiale verantwoordelikheid en omgewingsverantwoordelikheid;
3.3 kontant- en krediettransaksies in die boeke van diens- en kleinhandelondernemings doen;
continued on next page

3.4 toetsbordvaardighede en funksietoetse gebruik om sakedokumente te ontwikkel, te bewaar, te herwin en te redigeer;
3.5 finansiële state ontleed vir besluitneming op ‘n basiese vlak;
3.6 tussen verskeie vorms van kredietaankope en metodes van betaling kan onderskei.

Table 9

5 Memorandum

AKTIWITEIT 1
OPDRAG 1
KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN MZONDI LOODGIETERS - SEPTEMBER 2003 KOJ 3.1.1

Dok	Dag	Besonderhede	Fol	Ontleding		Bank		Inkomstelopende						Diverse rekeninge			
														Bedrag	Fol	Besonderhede	
101	1	Z. Mzondi				50 000	-							50 000	-	B1	Kapitaal
KR	12	Dienste gelewer		2 073	-	2 073	-	2 073	-								
KR	21	Dienste gelewer		1 795	-	1 795	-	1 795	-								
KR	30	Dienste gelewer		2 418	-	2 418	-	2 418	-								
						56 286	-	6 286	-					50 000	-		
						B2		N1									

Table 10

AKTIWITEIT 1
OPDRAG 1
KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN MZONDI LOODGIETERS - SEPTEMBER 2003 KBJ 3.1.1

Dok	Dag	Naam van begunstigde	Fol	Bank	Materiaalkoste	Skryfbehoeftes	Toerusting	Lone	Diverse rekeninge		
									Bedrag	Fol	Besonderhede
continued on next page											

001	3	Denvon Eiendomme	525	-									525	-		Huuruitgawe
002	6	Puma Winkels	1 009	-	1 009	-										
003	8	Lundi Winkels	4 500	-					4 500	-						
004	11	Bundu Handelaars	487	-			487	-								
005	14	Munisipaliteit	390	-									390	-		Water en Elektrisiteit
006	15	Kontant	190	-							190	-				
007	25	Telkom	106	-									106			Telefoon
008	27	Mpula Verseker-aars	477	-									477	-		Versekering
009	29	Kontant	210	-							210					
010	30	Mdantsane Motors	28 000	-									28 000	-		Voertuie
			35 894	-	1 009	-	487	-	4 500	-	400	-	29 498	-		

Table 11

AKTIWITEIT 1
OPDRAG 2
KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN LEVUBU HANDELAARS - JULIE 2003 KOJ 3.1.2

Dok	Dag	Besonderhede	Fol	Ontleding	Bank	Verkope	Koste van verkope		Diverse rekeninge		
									Bedrag	Fol	Besonderhede

continued on next page

	1	G. Levu				130 000	-							130 000	-	B1	Kapitaal
KR	17	Verkope		1 600	-	1 600	-	1 600	-	1 280	-						
KR	24	Verkope		3 900	-	3 900	-	3 900	-	3 120	-						
KR	31	Verkope		5 400	-	5 400	-	5 400	-	4 320	-						
						140 900	-	10 900	-	8 720	-			130 000	-		
						B3		N1		B2/N2							

Table 12

AKTIWITEIT 1
OPDRAG 2
KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN LEVUBU HANDELAARS - JULIE 2003 KBJ 3.1.2

Dok	Dag	NaamFol van-be-gun-stigde	Bank		Handels-voorraad		Skryf-behoeftes						Diverse rekeninge			
													Bedrag	Fol	Besonderhede	
001	2	Levubu Bouers	1 400	-									1 400	-	N2	Huuruitgawe
002	6	Wilger Voor-sieners	6 000	-									6 000	-	B1	Toerusting
003	8	Munisipaliteit	150	-									150	-	N3	Handelslisensie
004	12	AZ Han-de-laars	7 800	-	7 800	-								-		
005	15	Levubu Mo-tors	23 300	-									23 300	-	B2	Voertuie

continued on next page

006	18	Telkom		125	-									125	-	N4	Telefoon
007	20	Noordelike Voors.		6 700	-	6 700	-								-		
008	24	Waldo Handelaars		220	-			220	-						-		
009	26	A Jansen		2 650	-									2 650	-	N5	Salaris
010	28	Levubu Motors		78	-									78	-	N6	Brandstof
011	30	Munisipaliteit		56	-									56	-	N7	Water en Elektrisiteit
012	31	Kontant		1 330	-									1 330	-	N8	Lone
				49 809	-	14 500	-	220	-					35 089	-		
				B4		B3		N1									

Table 13

AKTIWITEIT 1
OPDRAG 3
KONTANTONTVANGSJOERNAAL VAN LUBBE HANDELAARS - MEI 2003 KOJ 3.1.3

Dok	Dag	Besonderhede	Fol	Ontleding		Bank		Verkope		Koste van verkope				Diverse rekeninge			
														Bedrag	Fol		Besonderhede
	1	H. Lubbe				80 000	-							80 000	-	B1	Kapitaal
KR	13	Verkope		760	-	760	-	760	-	570	-						
KR	24	Verkope		960	-	960	-	960	-	720	-						
KR	28	Verkope		1 240	-	1 240	-	1 240	-	930	-						

continued on next page

						82 960	-	2 960	-	2 220	-			80 000	-		
						B3		N1		B2/N2							

Table 14

AKTIWITEIT 1
OPDRAG 4
KONTANTONTVANGSJOERNAAL VAN DONOVAN MOTORS - DESEMBER 2003 KOJ 3.1.2

Dok	Dag	Besonderhede	Fol	Ontleding		Bank		Lopendeinkomste		Verkope		Koste van verkope		Diverse rekeninge			
														Bedrag	Fol	Besonderhede	
	1	D. Daniels				80 000	-							80 000	-		Kapitaal
KR	8	Verkope		3 000	-	3 000	-			3 000	-	2 400	-				
KR	17	Dienste gelewer		5 262	-	5 262	-	5 262	-								
KR		Verkope		6 500	-	6 500	-			6 500	-	5 200	-				
KR	23	Dienste gelewer		3 558	-	3 558	-	3 558	-								
KR		Verkope		3 855	-	3 855	-			3 855	-	3 084	-				
						102 175	-	8 820	-	13 355	-	10 684	-	80 000	-		

Table 15

AKTIWITEIT 1
OPDRAG 4
KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN DONOVAN MOTORS - DESEMBER 2003 KBJ 3.1.2

Dok	Dag	Naam van begunstigde	Fol	Bank	Materiaalkoste	Handelsvoorraad	Lone	Skryfbehoeftes	Diverse rekeninge		
									Bedrag	Fol	Besonderhede
continued on next page											

01	1	Munisipaliteit	300	-									300	-		Handelslisensie
02		Enlen	540	-									540	-		Huuruitgawe
03		Petru Versekerings-makelaars	175	-									175	-		Versekering
04	2	Nissau Motorverkope	12 975	-	5 625	-	7 350									
05		Kontant	350	-									350	-		Wisselgeld
06	3	Motoquip Mpy.	10 500	-									10 500	-		Toerusting
07		Scribble Bpk.	352	-							352	-				
08	7	Kontant	1 280	-					1 280	-						
09	13	Motoquip Mpy.	1 125	-									1 125	-		Toerusting
10	14	Mobile Motors	30 445	-									30 445	-		Voertuig
11		Kontant	1 745	-					1 745	-						
12	16	Scribble Bpk.	85	-							85	-				
13	20	Alfa Motor-voor-sieners	1 721	-	1 721	-										
14		Nissau	585	-			585	-								
15	21	Kontant	1 250	-					1 250	-						
16	22	D. Daniels	250	-									250	-		Onttrekkings

continued on next page

17	24	Tika Voor-sieners		5 000	-	1 500	-	3 500	-							
18	28	Kontant		2 335	-					2 335	-					
19	30	H Hed-wig		2 950	-									2 950	-		Salaris
20		Telkom		335	-									335	-		Onttrekkings
				74 298	-	8 846	-	11 435	-	6 610	-	437	-	46 970	-		

Table 16